*Woensdag* 28 Januarie
Skrifgedeelte: Jesaja 47:1-11 (AFR53/83/2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 47:5-6
God eis barmhartigheid selfs in ons optrede teenoor ons vyande

God bewys algemene goedgunstigheid en genade aan die hele wêreld. Selfs aan dié wat Hom haat. Hy laat byvoorbeeld sy vyande leef ten spyte daarvan dat hulle Hom verwerp. Hy laat die son oor hulle opkom, oor hulle reën en skenk baie goeie dinge sonder dat enige mens dit verdien (Matt. 5:44-48).

Selfs wanneer sy kinders en vyande wederregtelik gruwelike sondes pleeg, bly Hy lankmoedig. Daarom sê Hy byvoorbeeld vir Abraham in Genesis 15:16 dat Hy wel die Amoriete gaan straf, maar dat die maat van hulle oortredinge nog nie vol is nie. Hy gee hulle ruim kans om te bekeer, maar omdat hulle nie sou bekeer nie, sou die volk Israel 400 jaar later terugkeer om die Amoriete te straf deur hulle in 'n oorlog te oorwin, uit hulle land te verdryf en te vernietig (Jos. 10).

Soortgelyk waarsku God sy volk later deur Jesaja dat Hy hulle gaan straf oor hulle afvalligheid en afgodery. 150 jaar nadat Jesaja begin waarsku het, laat God toe dat die Babiloniërs hulle militêr oorwin en in ballingskap wegvoer. Maar omdat die Babiloniërs met hoogmoed en arrogansie God se volk met oormatige hardheid behandel, belaai hulle in die proses hulleself met sondeskuld. Daarom straf God hulle deur die Persiese Ryk toe te laat om sterk te word om só weer Babilonië te straf.

God is in wese liefdevol, genadig, lankmoedig en barmhartig. Ons is immers sonder enige verdienste verlos van die regmatige gevolge vir ons sonde. Verder woon Hy in ons en gee ons die vermoë om nie hoogmoedig te raak teenoor ongelowiges, ateïste en sondaars nie, maar om aan alle mense goed te doen deur goedgunstig en genadig te wees al verdien hulle dit glad nie. Selfs al is hulle arrogant in hulle vyandigheid teenoor ons en ons God.

*Sing: Psalm 137-1:1, 3, 9 (Op die wysie van SB 18-6)*

*Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier – Brits)*